BUITENGEWONE

OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA

OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY

OF SOUTH WEST AFRICA

UITGAWE OP GESAG — PUBLISHED BY AUTHORITY

R0,30 — Maandag 18 April 1988 — WINDHOEK — Monday 18 April 1988 — No. 5522

INHOUD:

CONTENTS:

Bladsy / *Page*

GOEWERMENTSKENNISGEWING / **GOVERNMENT NOTICE**

No. 69 Raad vir Buitestedelike Ontwikkeling: Begraafplaasregulasies 1

No. 69 Peri-Urban Development Board: Cemetery Regulations 1

Goewermentskennisgewing

DEPARTEMENT VAN OWERHEIDSAKE

No. 69 1988

RAAD VIR BUITESTEDELIKE ONTWIKKELING: BEGRAAFPLAASREGULASIES

Die Minister van Plaaslike Owerhede en Burgersake het kragtens artikel 40 van die Ordonnansie op die Raad vir Buitestedelike Ontwikkeling, 1970 (Ordonnansie 19 van 1970), die regulasies in die Bylae vervat, gemaak.

BYLAE

Woordbepaling

1. In hierdie regulasies, tensy uit die samehang anders blyk, beteken –

Government Notice

DEPARTMENT OF GOVERNMENTAL AFFAIRS

No. 69 1988

PERI-URBAN DEVELOPMENT BOARD: CEMETERY REGULATIONS

The Minister of Local Authorities and Civic Affairs has under section 40 of the Peri-Urban Development Board Ordinance, 1970 (Ordinance 19 of 1970), made the regulations set out in the Schedule.

SCHEDULE

Definitions

1. In these regulations, unless the context otherwise indicates –

(i) "asse" 'n lyk na verassing in 'n krematorium; (ii)

(ii) "baksteengraf" 'n graf wat uitgemessel is; (x)

(iii) "begraafplaas" 'n begraafplaas wat die raad ingestel of oorgeneem het; (vi)

(iv) "eienaar" met betrekking tot 'n grafruimte, die persoon wat die uitsluitlike reg van begrawing ten opsigte van sodanige grafruimte van die raad aangekoop het of ooreenkomstig regulasie 4 verkry het; (xiii)

(v) "graf" ook 'n uitgrawing wat voorberei is vir die begrawing van 'n lyk; (viii)

(vi) "grafruimte" 'n stuk grond in 'n begraafplaas wat óf vir 'n enkelgraf óf vir 'n dubbelgraf afgemeet is, (ix)

(vii) "grafwerk" 'n monument, grafsteen, reling, opskrif of enige ander werk wat ten opsigte van 'n graf verrig is of verrig kan word; (xii)

viii) "kind" 'n persoon wat twaalf jaar oud of jonger is; (vii)

(ix) "lyk" 'n menslike dooie liggaam insluitende die liggaam van 'n doodgebore kind; (iv)

(x) "mediese gesondheidsbeampte" die persoon wat van tyd tot tyd die betrekking van die mediese gesondheidsbeampte beklee of in daardie hoedanigheid optree met betrekking tot die raad; (xi)

(xi) "opsigter" die persoon wat deur die raad as opsigter van die betrokke begraafplaas aangestel is of 'n persoon wat namens hom optree; (v)

(xii) "raad" die Raad vir Buitestedelike Ontwikkeling; (iii)

xiii) "sekretaris" die persoon wat as sodanig of in 'n waarnemende hoedanigheid deur die raad aangestel is of 'n persoon wat namens hom optree; (xv)

(i) "adult" means any person over the age of twelve years; (xiv)

(ii) "ashes" means any body after cremation in a crematorium; (i)

(iii) "board" means the Peri-Urban Development Board; (xii)

(iv) "body" means any human dead body and includes the body of a stillborn child; (ix)

(v) "caretaker" means the person appointed by the board as caretaker of the cemetery concerned or any person acting on his behalf; (xi)

(vi) "cemetery" means any cemetery established or taken over by the board; (iii)

(vii) "child" means any person of or under the age of twelve years; (viii)

(viii) "grave" also means an excavation prepared for the burial of a body; (v)

(ix) "grave space" means any piece of ground in any cemetery measured off either for a single grave or for a double grave; (vi)

(x) "masonry-lined grave" means a grave which has been masoned; (ii)

(xi) "medical officer of health" means the person who, from time to time, holds the appointment of medical officer of health or acts in that capacity in relation to the board; (x)

(xii) "memorial work" means any monument, tombstone, railing, inscription or any other work executed, or which may be executed, in respect of a grave; (vii)

(xiii) "owner" in relation to any grave space, means the person who has purchased from the board or who has acquired in accordance with regulation 4 the exclusive right of burial in respect of such grave space; (iv)

(xiv) "volwassene" 'n persoon wat ouer as twaalf jaar is; (i)

(xv) "voorgeskrewe gelde" die gelde in regulasie 25(1) bedoel. (xiv)

(xiv) "prescribed fees" means the fees referred to in regulation 25(1); (xv)

(xv) "secretary" means the person appointed as such or in an acting capacity by the board or any person acting on his behalf. (xiii)

DEEL I

BEGRAWINGS

Goedkeuring vir begrawing

2. (1) Niemand mag 'n lyk of asse in 'n begraafplaas sonder die voorafgaande goedkeuring van die raad begrawe nie.

(2) Die raad verleen nie sodanige goedkeuring nie, tensy-

(a) in die geval van 'n lyk, 'n begrafnisorder kragtens die Wet op die Registrasie van Geboortes, Huwelike en Sterfgevalle, 1963 (Wet 81 van 1963), uitgereik in alle omstandighede, behalwe die omstandighede in artikel 28(1) van genoemde Wet beskryf, en 'n behoorlik voltooide kennisgewing van teraardebestelling, soos in Bylae A uiteengesit, by die opsigter ingedien word;

(b) in die geval van asse, 'n gesertifiseerde afskrif van die besonderhede van die betrokke verassing wat kragtens die Regulasies betreffende Krematoriums en die Verassing van Menslike Oorskot soos afgekondig by Goewermentskennisgewing 331 van 1975 of die een of ander wet van toepassing by die plek van verassing in 'n register aangeteken moet word en die kennisgewing van teraardebestelling in paragraaf (a) bedoel, by die opsigter ingedien word; en

(c) alle voorgeskrewe gelde betaal is aan die sekretaris deur die persoon wat die kennisgewing in paragraaf (a) bedoel, onderteken.

PART I

BURIALS

Approval for burial

2. (1) No person shall bury any body or ashes in any cemetery without the prior approval of the board.

(2) The board shall not grant such approval, unless –

(a) in the case of a body, under all circumstances except the circumstances described in section 28(1) of the Births, Marriages and Deaths Registration Act, 1963 (Act 81 of 1963), a burial order issued under the said Act and a duly completed notice of interment, as set out in Schedule A, have been lodged with the caretaker;

(b) In the case of ashes, a certified copy of the particulars of the cremation concerned which have to be entered in a register under the Regulations relating to Crematoria and the Cremation of Human Remains promulgated under Government Notice 331 of 1975 or any other law applicable at the place of cremation and the notice of interment referred to in paragraph (a), have been lodged with the caretaker; and

(c) all prescribed fees have been paid to the secretary by the person signing the notice referred to in paragraph (a).

Reg van begrawing

3. (1) Die raad kan enige stuk grond in 'n begraafplaas in grafruimtes onderverdeel en, behoudens die bepalings van hierdie regulasies, aan 'n persoon die uitsluitlike reg van begrawing ten opsigte van een of meer grafruimtes teen betaling van die voorgeskrewe gelde verkoop.

(2) 'n Persoon wat die uitsluitlike reg van begrawing ten opsigte van 'n grafruimte wil aankoop, moet by die sekretaris aansoek doen en die sekretaris ken die grafruimte toe deur 'n sertifikaat van uitsluitlike reg van begrawing soos in Bylae B uiteengesit, uit te reik.

Vervreemding en registrasie van reg

4. (1) Niemand mag sy uitsluitlike reg van begrawing ten opsigte van 'n grafruimte op enige wyse vervreem sonder die toestemming van die raad nie.

(2) Elke vervreemding in subregulasie (1) bedoel, moet in die toepaslike register aangeteken word teen betaling van die voorgeskrewe gelde en sodanige vervreemding is nie geldig nie tensy dit aldus aangeteken is.

Afmetings van grafte

5. Die afmetings van die opening van 'n graf is soos volg:

(a) Vir kinders –

Breedte .....0,60 m

Lengte ..... 1,50 m

Diepte ..... 1,50 m

(b) Vir volwassenes –

Breedte .....0,87 m

Lengte ..... 2,50 m

Diepte ..... 1,80 m:

Met dien verstande dat waar dit verlang word –

Right of burial

3. (1) The board may subdivide any piece of ground in any cemetery into grave spaces and, subject to the provisions of these regulations, sell to any person the exclusive right of burial in respect of one or more spaces on payment of the prescribed fees.

(2) Any person who wishes to purchase the exclusive right of burial in respect of a grave space shall apply to the secretary and the secretary shall allot the grave space by issuing a certificate of exclusive right of burial, as set out in Schedule B.

Alienation and registration of right:

4. (1) No person shall in any way alienate his exclusive right of burial in respect of any grave space without the permission of the board.

(2) Every alienation referred to in subregulation (1) shall be entered in the relevant register on payment of the prescribed fees and such alienation shall not be valid unless it is so entered.

Dimensions of graves

5. The dimensions of the hole for a grave shall be as follows:

(a) For children –

Width .....0,60 m

Length ..... 1,50 m

Depth ..... 1,50 m

(b) For adults –

Width ..... 0,87 m

Length ..... 2,50 m

Depth ..... 1,80 m:

Provided that if it is desired –

(i) dat die afmetings vir die graf van 'n bepaalde kind groter moet wees, 'n graf vir 'n volwassene gebruik, en die voorgeskrewe gelde vir die begrawing van 'n volwassene betaal moet word; of

(ii) dat die afmetings vir die graf van 'n bepaalde volwassene groter moet wees, die afmetings van die doodkis, met inbegrip van sy belegsels, die kennisgewing in regulasie 2(2)(a) bedoel, moet vergesel.

(i) that the dimensions of a grave for a particular child be larger, a grave for an adult shall be used and the fees prescribed for the interment of an adult shall be paid; or

(ii) that the dimensions of a grave for a particular adult be larger, the dimensions of the coffin including its fittings, shall accompany the notice referred to in regulation 2(2)(a)

Begrawings in grafte

6. (1) Behoudens die bepalings van hierdie regulasie en regulasie 17(2), kan die eienaar van 'n grafruimte of 'n naasbestaande van die persoon wat daarin begrawe is of gaan word, met die toestemming van die raad -

(a) hoogstens twee doodkiste terselfdertyd in dieselfde graf begrawe; of

(b) 'n tweede doodkis in 'n graf wat reeds een doodkis bevat, begrawe.

(2) Die bokant van alle doodkiste moet minstens 1,10 m in die geval van 'n graf van 'n kind, of minstens 1,20 m in die geval van 'n graf van 'n volwassene, onder die gewone oppervlakte van die grond wees.

(3) Waar dit bekend is dat 'n persoon aan 'n aansteeklike siekte gesterf het, moet sy lyk in ooreenstemming met die vereistes wat die mediese gesondheidsbeampte stel, begrawe word.

(4) Geen begrawing word in 'n graf toegelaat nie, behalwe op die voorwaarde dat die graf onmiddellik na die begrawing met grond toegemaak word.

(5) Die raad kan op versoek en teen betaling van die voorgeskrewe gelde 'n baksteengraf voorsien.

Interment in graves

6. (1) Subject to the provisions of this regulation and regulation 17(2), the owner of a grave space or a relative of the person interred or to be interred in such grave space may, with the consent of the board –

(a) inter up to two coffins in the same grave at the same time; or

(b) inter a second coffin in a grave already containing one coffin.

(2) The top of any coffin shall be at least 1,10 m beneath the natural surface of the ground in the case of a grave for a child, or at least 1,20 m beneath the natural surface of the ground in the case of a grave for an adult.

(3) Where it is known that a person has died of a contagious disease, the body concerned shall be interred in accordance with the requirements of the medical officer of health.

(4) No interment in a grave shall be permitted except on the condition that the grave has to be filled up with earth immediately after the interment.

(5) The board may, on request and on payment of the prescribed fees, supply a masonry-lined grave.

DEEL II

BEGRAFNISSE

Verwittiging van groot aantal begrafnisgangers

7. Indien verwag word dat meer as eenhonderd begrafnisgangers 'n besondere begrafnis gaan bywoon, moet die persoon wat die kennisgewing in regulasie 2(2)(a) bedoel, onderteken het, die opsigter daarvan verwittig op die dag voor die begrafnis.

Godsdienstige plegtighede

8. (1) Die lede van 'n kerkgenootskap kan, behoudens die bepalings van hierdie regulasie, 'n godsdienstige plegtigheid met betrekking tot 'n begrafnis in 'n begraafplaas hou.

(2) Die lede van een kerkgenootskap hou nie 'n godsdienstige plegtigheid in 'n deel van die begraafplaas wat die raad vir die lede van 'n ander kerkgenootskap afgesonder het nie.

(3) Alle godsdienstige plegtighede in 'n begraafplaas is onderworpe aan die beheer van die raad en geskied in ooreenstemming met die opdragte van die opsigter.

Begrafnistye

9. (1) 'n Begrafnis moet so gereël word dat die begrawing tussen 09h00 en 17h00 op enige dag, uitgesonderd 'n Saterdag, Sondag of openbare feesdag, plaasvind: Met dien verstande dat -

(a) die raad 'n begrawing op 'n Saterdag, Sondag of 'n openbare feesdag kan toelaat teen betaling van die voorgeskrewe gelde; of

(b) die opsigter, indien daar na sy mening 'n goeie rede daarvoor bestaan, 'n begrawing voor 09h00 of na 17h00 op 'n ander dag as 'n dag in paragraaf (a) bedoel, kan toelaat en sodanige rede word deur hom aangeteken.

(2) 'n Voorafgereëlde dag of tyd en begrawing kan verander word deur die opsigter skriftelik kennis te gee van die verandering –

PART II

FUNERALS

Notice of attendance by a large number of mourners

7. If it is expected that more than one hundred mourners will attend any particular interment, the person having signed the notice referred to in regulation 2(2)(a), shall notify the caretaker thereof the day before the funeral.

Religious ceremonies

8. (1) The members of any religious denomination may, subject to the provisions of this regulation, conduct religious ceremonies in connection with an interment in any cemetery.

(2) The members of any particular denomination shall not conduct a religious ceremony in any portion of the cemetery which has been reserved by the board for the members of another denomination.

(3) All religious ceremonies in any cemetery shall be subject to the control of the board, and shall be conducted in accordance with the instructions of the caretaker.

Times for funerals

9. (1) A funeral shall be so arranged that the interment will take place between 09h00 and 17h00 on any day, except a Saturday, Sunday or a public holiday: Provided that –

(a) the board may allow an interment on a Saturday, Sunday or a public holiday upon payment of the prescribed fees; or

(b) the cartaker, if there is in his opinion a good reason for interment to take place before 09h00 or after 17h00 on any day except the days mentioned in paragraph (a), may allow the interment and he shall record such reason.

(2) Any pre-arranged day or time for an interment may be altered by giving written notice of the change to the caretaker –

(a) waar die begrawing uitgestel moet word, minstens vier uur voor die begrawing oorspronklik sou plaasvind; of

(b) waar die begrawing vervroeg moet word, minstens vier uur voor die vervroegde begrawing moet plaasvind.

(3) Kennisgewing van 'n begrafnis moet minstens 24 uur voor 'n begrawing aan die opsigter geskied.

DEEL III

GRAFWERKE

Goedkeuring van grafwerk

10. (1) Indien die eienaar van 'n grafruimte of n naasbestaande van die persoon wat daarin begrawe is of gaan word 'n grafwerk daar wil oprig, lê hy 'n noukeurige tekening en spesifikasies of beskrywing daarvan aan die raad vir sy skriftelike goedkeuring voor.

(2) Die raad kan 'n grafwerk afkeur indien hy van mening is -

(a) dat die grafwerk nie van dieselfde standaard is as die ander grafwerke in die begraafplaas nie;

(b) dat die grafwerk die begraafplaas kan ontsier; of

(c) dat die grafwerk vir die gevoelens van enige deel van die publiek aanstootlik of krenkend kan wees.

(3) Niemand mag 'n grafwerk begin alvorens die raad die tekening en spesifikasies of beskrywing daarvan skriftelik goedgekeur het nie en daar word nie van die goedgekeurde tekening en spesifikasie of beskrywing afgewyk sonder die skriftelike toestemming van die raad nie.

Oprigting van grafwerke

11. (1) Iemand wat 'n grafwerk in 'n begraafplaas wil oprig, rig die grafwerk onder die toesig van die opsigter op en gebruik sy eie voertuie en gereedskap.

(a) if an interment is to be postponed, at least four hours before the time the interment was originally scheduled for;

(b) if an interment is to be advanced, at least four hours before the time the advanced interment is scheduled for.

(3) Notice of a burial shall be given to the caretaker at least 24 hours before the burial takes place.

PART III

MEMORIAL WORK

Approval of memorial work

10. (1) The owner of a grave space, or a relative of the person interred or to be interred therein, who wishes to erect a memorial work there, shall submit an accurate drawing and specifications or description of such memorial work to the board for its written approval.

(2) The board may reject a memorial work when in its opinion –

(a) the memorial work is not of the same standard as the other memorial works in the cemetery;

(b) the memorial work is likely to disfigure the cemetery; or

(c) the memorial work may offend or hurt the feelings of any section of the public.

(3) No person shall commence a memorial work unless and until the board has approved the drawing and specifications or description thereof and no deviation from the drawing and specifications or description shall be made without the written consent of the board.

Erection of memorial works

11. (1) Any person who wishes to erect a memorial work in any cemetery shall erect such memorial work under the supervision of the caretaker and shall use his own vehicles and tools.

(2) Indien enige grafwerk opgerig word ten opsigte van 'n graf waarin daar nog nie 'n lyk of asse begrawe is nie, betaal die persoon in beheer van die oprigting van die grafwerk die voorgeskrewe gelde wat as 'n deposito sal dien om die koste van die heroprigting van die grafwerk te dek nadat 'n lyk of asse in sodanige graf begrawe is.

(3) Niemand mag –

(a) enige materiaal vir die oprigting van 'n grafwerk in 'n begraafplaas inbring nie, tensy en totdat –

(i) die raad sy skriftelike goedkeuring ingevolge regulasie 10(1) verleen het; en

(ii) alle voorgeskrewe gelde ten opsigte van die betrokke grafruimte ten volle betaal is;

(b) enige materiaal vir die oprigting van 'n grafwerk vir 'n langer tydperk as sewe dae in 'n begraafplaas laat sonder om dit te gebruik vir die oprigting van sodanige grafwerk nie;

(c) tussen 17h00 op 'n Vrydag en 09h00 en Maandag of op 'n openbare feesdag enige materiaal vir die oprigting van 'n grafwerk in 'n begraafplaas inbring nie of enige werk met betrekking tot die oprigting van 'n grafwerk in 'n begraafplaas verrig nie;

(d) enige grafwerk in slegte weersomstandighede, of wanneer die grond na die mening van die opsigter ongeskik is, oprig nie;

(e) na die oprigting van 'n grafwerk enige rommel, los grond, klippe of ander puin in die begraafplaas laat nie.

(4) Iemand wat in beheer van die oprigting van 'n grafwerk in 'n begraafplaas is, moet te eniger tyd op aanvraag van die opsigter die skriftelike goedkeuring wat ingevolge regulasie 10(1) verleen is, toon.

Vereistes met betrekking tot grafwerke

12. (1) Die volgende vereistes is met betrekking tot grafwerke van toepassing:

(2) If a memorial work is erected in respect of a grave where no body or ashes have as yet been interred, the person in charge of the erection of such memorial work shall pay the prescribed fees to serve as a deposit to cover the costs of the re-erection of the memorial work after a body or ashes have been interred in such grave.

(3) No person shall -

(a) bring any material for the erection of a memorial work into any cemetery unless and until –

(i) the board has given its written consent in terms of regulation 10(1); and

(ii) all prescribed fees due in respect of the particular grave space have been duly paid;

(b) leave any material for the erection of a memorial work in any cemetery for longer than seven days without using it for the erection of such memorial work;

(c) bring any material for the erection of a memorial work into any cemetery or perform any work in respect of the erection of a memorial work in any cemetery between 17h00 on a Friday and 09h00 on a Monday or on a public holiday;

(d) erect any memorial work in inclement weather or while the ground is, in the opinion of the caretaker, in an unfit state;

(e) leave any rubbish, loose soil, stones or other debris within the cemetery after the erection of a memorial work.

(4) Any person in charge of the erection of a memorial work in a cemetery shall, upon demand of the caretaker at any time, produce the written consent granted in terms of regulation 10(1).

Requirements in respect of memorial works

12. (1) The following requirements shall apply in respect of memorial works:

(a) die opsigter dui die posisie waarin 'n grafwerk opgerig moet word, aan en sodanige grafwerk word op so 'n wyse aangebring dat daar sover moontlik eenvormigheid van lyn met betrekking tot die ander grafwerke in die begraafplaas is;

(b) sagte klip word nie gebruik vir 'n grafwerk nie;

(c) (i) indien 'n persoon 'n monument, grafsteen of kopsteen op 'n graf wil oprig, moet hy, indien die sekretaris dit vereis, 'n blok van gewapende beton, wat oor die breedte van die graf strek en aan weerskante daarvan vir minstens 30 cm op vaste grond rus, aanbring om as vaste basis vir die monument, grafsteen of kopsteen te dien;

(ii) die ontwerp en maak van die in subparagraaf (i) bedoelde basis is onderworpe aan die goedkeuring van die sekretaris;

(d) die basis bedoel in paragraaf (c)(i) van elke monument, grafsteen of kopsteen moet minstens 5 cm onder die gewone oppervlakte van die grond geplaas word;

(e) voordat 'n besondere voorwerp op 'n grondsteen geplaas word, moet die grondsteen voldoen aan die vereistes en afmetings wat die sekretaris bepaal;

(f) elke monument, grafsteen of kopsteen moet stewig aan die basis bedoel in paragraaf (c)(i) vasgeheg wees ten genoeë van die sekretaris;

(g) geen randsteen mag sonder die toestemming van die raad meer as 22 cm bokant die gewone oppervlakte van die grond uitsteek of meer as 20 cm onder die gewone oppervlakte van die grond geplaas word nie.

(2) Waar 'n persoon wat in beheer van die oprigting van 'n grafwerk is, weier of versuim om aan 'n vereiste in subregulasie (1) genoem, te voldoen of met die grafwerk op enige pad, voetpad

(a) the caretaker shall indicate the position in which a memorial work has to be erected and such memorial work shall be erected in such a manner as to maintain uniformity of alignment in respect of other memorial works in the cemetery as far as possible;

(b) soft stone shall not be used for a memorial work;

(c) (i) any person who intends to erect a monument, tombstone or headstone on any grave shall, when required to do so by the secretary, provide a reinforced concrete block extending over the width of the grave with each end resting on solid ground for at least 30 cm to serve as a solid base of the monument, tombstone or headstone;

(ii) the design and construction of the base referred to in subparagraph (i) shall be subject to the approval of the secretary;

(d) the base referred to in subparagraph (c)(i) of every monument, tombstone or headstone shall be set at least 5 cm below the natural surface of the ground;

(e) no particular object shall be placed on the base stone unless and until the base stone complies with the requirements and dimensions as determined by the secretary;

(f) any monument, tombstone or headstone shall be securely attached to the base referred to in subparagraph (c)(i) to the satisfaction of the secretary;

(g) no border stone shall, without the consent of the board, extend more than 22 cm above the natural surface of the ground or be placed more than 20 cm below the natural surface of the ground.

(2) Where any person in charge of the erection of a memorial work neglects or fails to observe any of the requirements mentioned in subregulation (1) or encroaches on any road, path or

of aangrensende grond oorskry, kan die raad hom by skriftelike kennisgewing versoek om sodanige vereiste na te kom of om die betrokke oorskryding binne die tydperk in die kennisgewing vermeld te verwyder.

(3) Indien 'n persoon weier of versuim om aan die versoek van die raad ingevolge subregulasie (2) te voldoen, kan die raad, behoudens die bepalings van die Ordonnansie op Begraafplase 1966 (Ordonnansie 27 van 1966), die stappe doen wat hy nodig ag ten einde die vereiste na te kom of die oorskryding te verwyder en die koste verbonde aan die doen van sodanige stappe van die betrokke persoon verhaal.

Vervalle of verwaarloosde grafwerk

13. (1) Waar die raad van mening is dat 'n grafwerk so vervalle of verwaarloos is dat dit die begraafplaas ontsier of 'n gevaar inhou vir die persone wat die begraafplaas gebruik, kan die raad versoek dat die grafwerk tot bevrediging van die raad herstel word deur 'n skriftelike kennisgewing aan die eienaar van die betrokke grafruimte of 'n naasbestaande van die persoon wat daarin begrawe is, te beteken of, indien die naam of adres van sodanige eienaar of naasbestaande nie meer aan die raad bekend is nie of hy nie opgespoor kan word nie, deur so 'n kennisgewing een keer per week vir twee agtereenvolgende weke in 'n nuusblad te publiseer.

(2) Indien die grafwerk nie herstel is binne een maand na die betekening of laaste publikasie van die kennisgewing ingevolge subregulasie (1) nie, kan die raad, behoudens die bepalings van die Ordonnansie op Begraafplase 1966 (Ordonnansie 27 van 1966), self die grafwerk herstel of dit sonder die betaling van vergoeding verwyder.

(3) Alle koste wat deur die raad ingevolge hierdie regulasie aangegaan is, kan van die eienaar in subregulasie (1) genoem, verhaal word.

DEEL IV

VERSORGING VAN GRAFRUIMTES

Plig van eienaar

14. (1) Die eienaar van 'n grafruimte moet die grafruimte skoon van onkruid en in 'n goeie

adjoining ground with the memorial work, the board may request him by written notice to comply with such requirements or to remove the encroachment within the time specified in the notice.

(3) If a person neglects or fails to comply with the request of the board in terms of subregulation (2), the board may, subject to the conditions of the Burial Place Ordinance, 1966 (Ordinance 27 of 1966), take all steps it might deem necessary to comply with the requirement or to remove the encroachment and recover the costs of such action from the person concerned.

Dilapidated and neglected memorial work

13. (1) Where, in the opinion of the board, a memorial work is in such a state of disrepair or neglect that it disfigures the cemetery or constitutes a danger to people using the cemetery, the board may, by written notice served on the owner of the grave space concerned or a next of kin of the person interred in such space, request that the memorial shall be repaired to the satisfaction of the board, or, if the name or address of the owner or next of kin is no longer known to the board or he cannot be traced, by the publishing of such notice once a week for two consecutive weeks in a newspaper.

(2) If the memorial work is not repaired within one month from the service or last publication of the notice in terms of subregulation (1), the board may, subject to the provisions of the Burial Place Ordinance, 1966 (Ordinance 27 of 1966), itself repair the memorial work or remove it without paying any compensation.

(3) All expenses incurred by the board in terms of this regulation may be recovered from the owner referred to in subregulation (1).

PART IV

CARE OF GRAVE SPACES

Responsibility of owner

14. (1) The owner of any grave space shall keep such grave space free from weeds and in a

toestand hou en indien hy versuim om dit te doen, kan die raad dit namens hom doen.

(2) Alle koste wat deur die raad ingevolge subregulasie (1) aangegaan is, kan van die betrokke eienaar verhaal word.

Aanplant van blomme, plante, struike of bome

15. Iemand kan met die toestemming van die opsigter blomme, plante, struike of bome op 'n grafruimte plant: Met dien verstande dat die raad te eniger tyd enige blom, plant, struik of boom op 'n grafruimte sonder die betaling van vergoeding kan snoei, kort sny, uitgrawe of verwyder.

Versorging deur raad

16. Die raad kan die versorging van enige grafruimte onderneem.

proper condition, and if he fails to do so, the board may do so on his behalf.

(2) All expenses incurred by the board in terms of subregulation (1) may be recovered from the owner concerned.

Planting of flowers, plants, shrubs or trees

15. Any person may, with the consent of the caretaker, plant flowers, plants, shrubs or trees on a grave space: Provided that the board may prune, cut down, dig up or remove any flowers, plants, shrubs or trees at any time without paying any compensation.

Care by board

16. The board may undertake the care of any grave space.

DEEL V

OPGRAWINGS EN HEROPENING VAN GRAFTE

Opgrawing of heropening

17. (1) Behoudens die bepalings van subregulasie (2), geskied geen opgrawing in 'n begraafplaas sonder die skriftelike magtiging van die raad nie, en teen betaling van die voorgeskrewe gelde kan die raad self sodanige opgrawing onderneem of iemand anders skriftelik magtig om dit te doen.

(2) Indien die bepalings van die een of ander wet enige opgrawing of heropening van 'n graf reël, is sodanige opgrawing of heropening onderworpe aan die bepalings van die betrokke wet, en enige lasgewing of vergunning wat daarkragtens uitgereik word, moet aan die raad verskaf word.

Voorbereiding vir opgrawing

18. (1) Indien enigsins doenlik, moet die opsigter minstens twee volle dae voor die dag van opgrawing skriftelik daarvan in kennis gestel word.

PART V

EXHUMATIONS AND RE-OPENING OF GRAVES

Exhumation or re-opening

17. (1) Subject to the provisions of subregulation (2), no exhumation in any cemetery shall be performed without the written authorisation of the board and upon payment of the prescribed fees the board may perform such exhumation itself or authorise somebody else in writing to perform such exhumation.

(2) In the event of any exhumation or re-opening of a grave being governed by any law, such exhumation or re-opening shall be subject to the conditions of the law concerned and any mandate or permission given or granted thereunder shall be furnished to the board.

Preparation for exhumation

18. (1) Written notice of any exhumation shall be given to the caretaker at least two full days before the day of the exhumation, if at all possible.

(2) 'n Opgrawing geskied nie op 'n tydstip wanneer die begraafplaas vir die publiek oop is nie.

(3) Ten einde die opgrawing uit die oog te hou, moet die betrokke graf doeltreffend afgeskerm word en 'n geskikte houer moet byderhand gehou word vir die stoflike oorskot.

Opgrawing en verskuiwing van stoflike oorskot deur raad

19. Indien die raad dit nodig ag om stoflike oorskot op te grawe of te verwyder, kan hy, behoudens die bepalings van regulasie 17(2) sodanige stoflike oorskot opgrawe en van die een graf na 'n ander graf oorplaas: Met dien verstande dat alle naasbestaandes van die persoon wat in die betrokke graf begrawe is, vooraf in kennis gestel word deur 'n skriftelike kennisgewing aan hulle te beteken, of, indien hulle name of adresse nie aan die raad bekend is nie, deur 'n kennisgewing in 'n nuusblad te publiseer.

(2) No exhumation shall be undertaken during the time when the cemetery is open to the public.

(3) The grave from which the exhumation is to be undertaken shall be effectively screened from public view and a suitable container shall be kept in readiness to receive the exhumed mortal remains.

Exhumation and removal of mortal remains by the board

19. If at any time the exhumation and removal of mortal remains is deemed necessary by the board, it may, subject to the provisions of regulation 17(2), exhume such mortal remains and remove them to another grave: Provided that all the next of kin of the person interred in the particular grave shall first be notified by the serving of a written notice on them, or, if their names or addresses are not known to the board, by publication of a notice in a newspaper.

DEEL VI

ALGEMEEN

Toegang tot begraafplaas

20. 'n Begraafplaas is daagliks tussen die ure 08h00 tot 17h00 vir die publiek toeganklik.

Gebruik van begraafplaas

21. (1) Niemand mag -

(a) 'n begraafplaas binnegaan of verlaat op 'n ander plek as 'n toegangs- of uitgangshek nie;

(b) enige voertuig of fiets in 'n begraafplaas inbring nie; Met dien verstande –

(i) dat hierdie paragraaf nie van toepassing is nie op 'n voertuig wat 'n lyk of asse inbring of wat die naasbestaandes van 'n oorledene, of 'n predikant vir die doeleindes van 'n besondere begrafnis vervoer;

PART VI

GENERAL

Admission to cemetery

20. Any cemetery shall be open to the public daily between the hours 08h00 and 17h00.

Use of cemetery

21. (1) No person shall -

(a) enter any cemetery or depart therefrom at any other place but the entrance or exit gate;

(b) bring into any cemetery any vehicle or bicycle: Provided-

(i) that this paragraph shall not apply to any vehicle conveying a body or ashes or the next of kin of a deceased or a minister of religion for the purposes of any particular funeral;

(ii) dat 'n voertuig wat goedere vir gebruik in 'n begraafplaas vervoer, met die toestemming van die opsigter die begraafplaas kan binnegaan;

(c) in 'n begraafplaas sake doen of bestellings werf, of brosjures, sakekaartjies of advertensies toon, versprei of laat nie;

(d) enige oorlas in 'n begraafplaas veroorsaak nie en die opsigter kan iemand wat na sy mening 'n oorlas veroorsaak, uit 'n begraafplaas verwyder;

(e) enige blom, plant, struik of boom in 'n begraafplaas beskadig, vernietig, afsny of verwyder nie, tensy hy die eienaar van die betrokke grafruimte is en sodanige blom, plant, struik of boom self geplant het, of die toestemming van die opsigter vooraf verkry het;

(f) enige reling, draad, blomhouer of ander ornament sonder die toestemming van die opsigter in 'n begraafplaas plaas of oprig nie;

(g) op enige grafwerk, gedenkplaat, hek, heining, muur of gebou in 'n begraafplaas klim, sit, staan, skryf, teken of dit andersins skend of enige plakkaat, banier of biljet daarop aanbring nie;

(h) enige deel van 'n begraafplaas of enigiets daarin beskadig of ontsier nie;

(i) 'n lyk op 'n onbehoorlike wyse vervoer of enige gedeelte daarvan blootstel nie;

(j) enige lykverkoelingsmasjien sonder die toestemming van die opsigter aan- of afskakel nie;

(k) enige vuurwapen in 'n begraafplaas inbring of afvuur nie: Met dien verstande dat hierdie paragraaf nie van toepassing is nie op 'n begrafnis wat met militêre eerbetoon gepaard gaan;

(l) enige voël of dier in 'n begraafplaas inbring nie, tensy die opsigter se toestemming vooraf verkry is, en die raad kan enige voël

(ii) that a vehicle conveying goods for use in any cemetery may enter any cemetery with the consent of the caretaker;

(c) conduct any business or solicit any business order, or exhibit, distribute or leave any brochures, business cards or advertisement in any cemetery;

(d) create a nuisance within any cemetery, and the caretaker may remove from a cemetery any person who in his opinion is creating a nuisance;

(e) damage, destroy, cut down or remove from any cemetery any flower, plant, shrub or tree, unless he is the owner of the grave space concerned and has planted any such flower, plant, shrub or tree himself, or has obtained the prior consent of the caretaker;

(f) place or erect in any cemetery any railing, wire work, flower stand or other ornament without the consent of the caretaker;

(g) climb upon, sit, stand, write or paint on or otherwise disfigure any memorial work, memorial tablet, gate, fence, wall or building in any cemetery or fix any placard, banner or poster thereon;

(h) damage or disfigure any portion of any cemetery or anything therein;

(i) convey any body or expose any part thereof in any unseemly manner;

(j) stop or start the body cooling plant without the permission of the caretaker;

(k) bring any firearm into any cemetery or discharge any firearm in any cemetery: Provided that this paragraph shall not apply to a funeral service accompanied by military honours;

(l) bring any bird or animal into any cemetery, unless the prior consent of the caretaker has been obtained, and the board may

of dier wat sonder die toestemming van die opsigter in 'n begraafplaas gevind word,

(m) die opsigter by die verrigting van sy pligte weerstaan of opsetlik hinder of belemmer of weier of versuim om enige opdrag of versoek wat hy uitgereik of gerig het, na te kom of aan te voldoen nie.

(2) Geen kind mag 'n begraafplaas betree nie, tensy hy in die sorg is van iemand wat die opsigter as 'n verantwoordelike persoon beskou.

Misdrywe en strawwe

22. Iemand wat 'n bepaling van hierdie regulasies oortree of versuim om daaraan te voldoen, is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens R100 of, by wanbetaling, met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens drie maande.

Registers

23. Benewens enige register wat ingevolge die een of ander wet gehou moet word, hou die sekretaris 'n register aan waarin alle begrawings en die toekenning van grafruimtes aangeteken word.

Inligting en afskrifte

24. Die raad kan –

(a) inligting teen betaling van die voorgeskrewe gelde verstrek deur die registers of ander dokumente van die raad vir ondersoek en nagaan beskikbaar te stel;

(b) gesertifiseerde afskrifte van die besonderhede wat in registers van die raad aangeteken is of van dokumente van die raad verskaf teen betaling van die voorgeskrewe gelde.

Gelde

25. (1) Die gelde wat ingevolge hierdie regulasies aan die raad betaalbaar is, is soos in Bylae C uiteengesit.

without payment of any compensation, destroy any such bird or animal found in any cemetery without the permission of the caretaker; or

(m) resist or deliberately disturb or oppose the caretaker in the course of his duties, or refuse or neglect to comply with any order he has issued or any request he has made.

(2) No child may enter any cemetery unless under the care of a person considered a responsible person by the caretaker.

Offences and penalties

22. Any person who contravenes or fails to comply with any provision of these regulations, shall be guilty of an offence and shall on conviction be liable to a fine not exceeding R100 or, in default of payment, to imprisonment for a period not exceeding three months.

Registers

23. Apart from any register to be kept in terms of any other law, the secretary shall keep a register for the recording of all interments and the allocation of grave spaces.

Information and copies

24. The board may –

(a) upon payment of the prescribed fees, furnish information by providing the registers and other documents of the board for investigation and perusal;

(b) provide certified copies of the particulars enumerated in registers of the board or of documents of the board upon payment of the prescribed fees.

Fees

25. (1) The fees payable to the board in terms of these regulations shall be as set out in Schedule C.

(2) Indien daar by die betaling van enige gelde 'n geskil ontstaan, word sodanige geskil deur die raad besleg.

(3) Alle gelde is, tensy anders in Bylae C aangedui, vooruitbetaalbaar.

Toepassing van regulasies

26. Hierdie regulasies is van toepassing op elke gebied wat kragtens artikel 9 van die Ordonnansie op die Raad vir Buitestedelike Ontwikkeling, 1970 (Ordonnansie 19 van 1970), tot buitestedelike gebied verklaar is of verklaar mag word.

Herroeping

27. Die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewings 304 van 1953, 184 van 1953, 277 van 1953, 171 van 1959, 18 van 1964 en 120 van 1965 word hierby herroep.

(2) If upon payment of any fees, a dispute should arise, such dispute shall be adjudicated by the board.

(3) All fees are payable in advance, unless otherwise stated in Schedule C.

Application of regulations

26. These regulations shall be applicable to every area which has in terms of section 9 of the Peri-Urban Development Board Ordinance, 1970 (Ordinance 19 of 1970), been declared a peri-urban area or which might be declared a peri-urban area.

Repeal

27. The regulations promulgated under Government Notices 304 of 1952, 184 of 1953, 277 of 1953, 171 of 1959, 18 of 1964 and 120 of 1965, are hereby repealed.

BYLAE A

RAAD VIR BUITESTEDELIKE ONTWIKKELING

KENNISGEWING VAN TERAARDEBESTELLING

Volle naam van oorledene (in blokletters): ....

.....

Geslag: .....Ouderdom: .....

Laaste woonplek: .....

Oorsaak van dood: .....

Datum van dood: ..... om .....

Datum en tyd van begrafnis: .....

Die begrafnisdiens word gehou te: .....

SCHEDULE A

PERI-URBAN DEVEOPMENT BOARD

NOTICE OF INTERMENT

Full name of deceased (in block letters) .....

.....

Sex: ..... Age: .....

Last residence: .....

Cause of death: .....

Date of death: ..... at.....

Date and time of funeral: .....

The funeral service will be held at: .....

Naam van predikant wat die begrafnisdiens lei:

.....

Naam van begrafnisondernemer: .....

Naam van vervaardiger van doodskis: .....

Grafruimtenommer: .....

Nommer van die sertifikaat van uitsluitlike reg van begrawing (indien van toepassing) .....

Datum van uitreiking (indien van toepassing): .

.....

Naam van persoon verantwoordelik vir die betaling van gelde:

.....

Adres: .....

.....

HANDTEKENING DATUM

OPMERKING:

Die begrafnisorder of 'n gesertifiseerde afskrif van die besonderhede van die verassing moet by hierdie kennisgewing aangeheg word.

Name of officiating clergyman: .....

Name of undertaker: .....

Name of manufacturer of coffin: .....

Number of grave space: .....

Name of owner of grave space: .....

Number of certificate of exclusive right of burial (if applicable): .....

.....

Date issued (if applicable): .....

Name of person responsible for payment of fees:

.....

Address: .....

.....

SIGNATURE DATE

NOTE:

The burial order or a certified copy of the particulars of a cremation shall be attached to this notice.

BYLAE B

RAAD VIR BUITESTEDELIKE ONTWIKKELING

SERTIFIKAAT VAN UITSLUITIKE REG VAN BEGRAWING

Sertifikaat Nr.: .....

Hierby word gesertifiseer dat .....

.....

SCHEDULE B

PERI-URBAN DEVELOPMENT BOARD

CERTIFICATE OF EXCLUSIVE RIGHT OF BURIAL

Certificate No.: .....

It is hereby certified that .....

.....

lie houer is van die uitsluitlike reg van begrawing en opsigte van grafruimte .....

'an blok ..... in die .....)egraafplaas.

.....
SEKRETARIS DATUM

OPMERKING:

Hierdie sertifikaat moet getoon word wanneer 'n begrawing in die besondere grafruimte moet plaasvind.

is the holder of the exclusive right of burial in grave space no ..... block .....

in the ..... cemetery.

.....
SECRETARY DATE

NOTE:

This certificate shall be produced when an interment is to be made in the particular grave space.

BYLAE C

RAAD VIR BUITESTEDELIKE ONTWIKKELING

GELDE

1. *Vir uitsluitlike reg van begrawing:*

Per graf R30,00

2.(1) *Vir begrawing in 'n graf:*

(a) Lüderitz

(i) Van die oorskot van 'n volwassene R90,00
(ii) Van die oorskot van 'n kind R45,00

(b) Alle ander buitestedelike gebiede

(i) Van die oorskot van 'n volwassene R40,00
(ii) Van die oorskot van 'n kind R20,00

2(2) *Vir begrawing in 'n baksteengraf:*

Benewens die toepaslike gelde vermeld in item 2(1), die werklike koste vir die baksteengraf, plus 'n toeslag van 15 persent op sodanige koste.

2(3) *Vir begrawing van asse in 'n nis* ...R5,00

SCHEDULE C

PERI-URBAN DEVELOPMENT BOARD

FEES

1. *For exclusive right of burial:*

Per grave R30,00

2(1) *For interment in a grave:*

(a) Lüderitz

(i) Of the remains of an adult .R90,00

(ii) Of the remains of a child ..R45,00

(b) All other peri-urban areas

(i) Of the remains of an adult R40,00

(ii) Of the remains of a child .R20,00

2(2) *For interment in a masonry-lined grave:*

In addition to the applicable fees mentioned in item 2(1), the actual costs for the masonry-lined grave, plus a surcharge of 15 percent on such costs

2(3) *For interment of ashes in niche* R5,00

2(4) *Vir begrawing op 'n Saterdag, Sondag of openbare feesdag:*

Benewens die toepaslike gelde vermeld in items 2(1) of 2(3), na gelang van die geval, 'n toeslag van 50 persent op sodanige gelde.

3. *Opgrawings:*

(a) Per opgrawing deur die raad ...R100,00

(b) Per opgrawing deur 'n gemagtigde persoon .....R 15,00

4. *Registrasie van vervreemding van uitsluitlike reg van begrawing:*

Per registrasie, met inbegrip van uitreiking van 'n sertifikaat .....R 1,00

5. *Inligting en afskrifte:*

(a) Vir die ondersoek en nagaan van registers of dokumente .....R 0,50

(b) Vir 'n gesertifiseerde afskrif ... R 1,00

2(4) *For interment on a Saturday, Sunday or a public holiday:*

In addition to the applicable fees mentioned in items 2(1) or 2(3), as the case may be, a surcharge of 50 percent on such fees.

3. *Exhumations:*

(a) Per exhumation by the board ..R100,00

(b) Per exhumation by an authorised person .....R 15,00

4. *Registration of alienation of exclusive right of burial:*

Per registration, including the issue of a certificate .....R 1,00

5. *Information and copies:*

(a) For the investigation and perusal of registers or documents .....R 0,50

(b) For a certified copy .....R 1,00

Gedruk deur
JOHN MEINERT (EDMS) BPK.
Verkrygbaar by
STAR BINDERS & PRINTERS
Posbus 56, Windhoek
Suidwes-Afrika

Printed by
JOHN MEINERT (PTY) LTD.
Obtainable from
STAR BINDERS & PRINTERS
P.O. Box 56, Windhoek
South West Africa